

# Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die  
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



Augustus 2011



Balans in kerk en teologie

## Lees binne...

- Balans in kerk en teologie – 1
- Verdeeldheid –  
die mens se skadu op God se trou – 2
- Ons groet vier predikante – 4
- Ruskans vir 'n staatmaker – 5

## In hierdie uitgawe

- Bl 1 Balans in kerk en teologie (Dr Daan van Wyk jr)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque**  
Verdeeldheid – die mens se skadu op God se trou
- Bl 3 **Aktuele sake**  
Buitengewone sitting van die AKV  
NHSV-kongres
- Ble 4-5 **Kerkwerf**  
Ons groet vier predikante  
Redes waarom die Kommissie van die AKV besluit het om 'n buitengewone sitting van die AKV te hou  
Ruskans vir 'n staatmaker (Dr Wouter van Wyk)  
Nuwe fase begin
- Ble 6-7 **Gespreksforum**  
Die Kerk se besluit oor apartheid (Van Rooy van den Berg)  
Die Heilige Gees – leiding en onwaarheid (Pieter Geyser)  
Ramadan in Augustus (Dr Jaco Beyers)
- Agterblad **Oordenking**  
Winde van verandering (Dr Johan Otto)

## Verdeeldheid – die mens se skadu op God se trou

Die redakteur, **dr Gerhard Lindeque**, skryf: Die eeue oue neiging van die mens tot verdeeldheid en konflik word deur God in Jesus Christus oorbrug. Hy bring versoening op al die terreine van ons lewe waarop ons die skadu van verdeeldheid laat val het.

Die kerk is veronderstel om die bruid van Christus te wees, die liggaam van Christus, God se boodskapper en ligdraer in die wêreld. Maar kyk na al die bitterheid en verdeeldheid in die kerk. Predikante, ampsdraers en lidmate is hieraan skuldig. Ons is afgunstig op mekaar. Ons laat toe dat ons politieke oortuigings ons van mekaar af wegdryf. Die kerk word misbruik om politieke ideologie in die wêreld in te dra. Die skadu van menslike konflik en verdeeldheid verdof die ligglans van die evangelie.

Maar die lig van die kruis op Golgota verdryf weer die skadu van die mens se ongehoorsaamheid en verdeeldheid. Die kruis is die simbool van versoening. Jesus Christus bring versoening waar daar verwydering is en eenheid waar daar tweespalt is. Sy liefde bring mense bymekaar waar daar verdeeldheid en konflik is. Hy herstel ons gebroke verhoudinge.

God se liefde en genade gaan dus die kleinlikheid van ons menslike konflikte, verdeeldheid en ongehoorsaamheid te bowe. Ten spyte van ons geknoei, is God steeds in staat om sy liefde te kan bewys. God is selfs in staat om uit ons gebrekkige menslike pogings iets goeds te voorskyn te laat kom. Ons kan maar net bid en vertrou dat dit ook waar sal wees van ons Kerk en die tyd waarin ons leef. Dit is tyd dat ons die verdagmakery van mekaar sal laat vaar. Ons behoort as kinders van God ons verskille openlik en eerlik met mekaar te bespreek en mekaar in liefde te verdra. Geheime agendas hoort nie in die kerk nie.

Laat ons die komende buitengewone sitting van die Algemene Kerkvergadering (AKV) met so 'n gesindheid tegemoet gaan. Ons moet beseft dat ons 'n geleentheid het om 'n belangrike getuigenis daarmee aan die wêreld te lewer.

\*\*\*\*\*

## Balans in kerk en teologie

**Dr Daan van Wyk (jr)** reageer op die voorbladartikel in *Die Hervormer* van Mei 2011, *Mense wat soekend is* van prof Andries van Aarde. Dié artikel prikkel die leser met vroeë en besinning wat aktueel en stimulerend is vir die uitdagings van gelowige en kerk wees in die huidige tydsgewrig. 'n Teologie in die Reformatoriese, dialektiese tradisie kan eintlik nie anders as om soekend, twyfelend, worstelend met die geloof en met God om te gaan nie. Die Bybel leer ons dit: Om te wag op God is beter as om te dink jy kan God deurgrond en deurdink en sy wil finaal ken. Ook geloof is nooit afgesluit, volmaak nie. In elke sekere uitspraak oor God is daar 'n stuk onsekerheid. In elke reg is daar verkeerd. In elke ja is daar 'n nee. Dr Van Wyk skryf dat hy hom goed kan vind met prof Van Aarde se kritiese vrae aan die Kerk en die skuld wat

die Kerk soms dra aan die marginalisering van mense en by name ook homoseksuele mense. Dit is reg dat volgelinge van Jesus die verpligting het om teen sodanige marginalisering weerstand te bied.

Ongelukkig toon die artikel volgens dr Van Wyk 'n ernstige gebrek aan ewewig. 'n Gebrek aan balans in die kerk en teologie kan inderdaad 'n halwe teologie daarstel. En 'n halwe teologie of 'n halwe evangelie kan 'n valse teologie of 'n valse evangelie wees. Indien die argument oor gelowiges wat soekers in die geloof is, wat worstelend is, wat twyfelend is, sonder die dialektiese teenpool van sekerheid en geloof tot die uiterste gevoer word, is die konsekwensies duidelik. Daar bly net twyfel, net onsekerheid, net soekende ongelowiges oor. Dan is dit net die helfte van die evangelie. Natuurlik is daar ook sekerheid, ook vastigheid. In Jesus Christus kom God die twyfelendes immers tegemoet en gee sekerheid. Deur sy Gees versterk Hy die geloof van dié wat terugval in ongeloof; Hy maak heel wat stukkend is; Hy maak reg wat verkeerd is; Hy troos dié wat treur; Hy gee reg aan dié wat sonder reg is; Hy bied verlossing aan dié wat verlore is; Hy gee troos aan dié wat sterwend is. As dié keerkant van die evangelie nie dien as dialektiese teenpool vir dié wat soekend is nie, het ons ons finaal oorgegee aan relativisme en ongeloof waar nog net twyfel, onsekerheid, ongeloof, ontredding en verlorenheid ons voorland is. Dit sou in stryd wees met die evangelie en die Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 1.

Die Hervormde Kerk het ewewig in haar kerkwees en teologie nodig. Hoewel die Kerk van haar dosente verwag om by te wees met die voorste en uitnemende studie en navorsing, behoort dosente in staat te wees om daardie insigte en navorsing te kommunikeer met die kerkvolk. Dit is nie hoogdrawende teologie en geleerde woorde wat mense beïndruk nie. Dit is die vermoë om op die vlak van die deursneelidmaat en ampsdraer van die Hervormde Kerk te kommunikeer. Daarmee saam wil die Kerk daarvan oortuig wees dat die dosente die evangelie nie bely soos hulle dit verstaan nie, maar soos die Kerk en saam met die Kerk soos verwoord in die belydenisse.

Die uitdaging oor die vraagstuk van homoseksualiteit is dat die dosente die tekste vir die Kerk moet vertaal. Daar is baie geskryf en gedebatteer, en tog is die Kerk nie seker wat die Bybel sê nie. Lidmate wil weet wat sê die Woord van God. Vir hulle is die Bybel die norm. En dit is reg so. Dat professore en doktors weet dat daar verskillende vertaalmetodes is, dat eksegeese en hermeneuse ter sprake is in die uitleg van die teks, begryp die ouderlinge en lidmate nie ten volle nie. Die professore is diegene wat die uitdaging moet aanvaar, die tekste moet vertaal en sê: Die huidige Afrikaanse vertalings is verkeerd vertaal: Só sê die Woord van God in die tekste waar homoseksualiteit tans veroordeel word. Dan sal nie die professore nie, maar die Kerk besluit.

Miskien gaan ons verder vorder as ons minder sê die een groep in die Kerk is maghebbers, die ander die gemarginaliseerdes; die een groep die regeerders, die ander die slagoffers; die een groep die geleerde professore, die ander die ongeleerde eenvoudiges; die een groep die homoseksueles, die ander groep die heteroseksueles; die een groep man, die ander vrou; die een groep wit, die ander swart. Miskien moet ons glo en bely dat ons almal deur God geskep is, man en vrou, wit en swart, heteroseksueel en homoseksueel. Ons is almal sondaars en hoewel ons nie almal begrip vir mekaar het nie, het ons 'n opdrag om met mekaar saam te leef en te deel in die verlossing deur Jesus Christus ons Here.

\*\*\*\*\*

## Aktuele sake

**Die Kommissie van die AKV** het, nadat versoeke ontvang is, besluit om vooraf 'n verkorte konsepagenda (sakelys) van die buitengewone sitting van die AKV wat op 4 en 5 Oktober 2011 plaasvind, beskikbaar te stel. Die agenda en motivering vir die hou van die buitengewone sitting is saam met die oproep na die vergadering aan predikante en gemeentes gestuur. Die agenda is voorlopig, en kommentaar wat ontvang word, sal in die finale agenda verwerk word.

Saam met die verkorte agenda, verskyn in hierdie uitgawe van *Die Hervormer* ook die redes waarom die Kommissie van die AKV besluit het om 'n buitengewone sitting van die AKV te hou.

\*\*\*\*\*

## Kerkwerf

Lees ook berigte oor **vier predikante** wat onlangs oorlede is, **dr Fanie Pretorius** wat in hierdie dae emeriteer, en **dr Frikkie Labuschagne** wat gedurende Augustus die leisels by dr Pretorius oorneem.